MOEDERKERK
KRUISKERK

www.moederkerk.co.za / www.kruiskerk.co.za

335 jaar van genade
1686—2021

'n Rivier van Lewende Water

NGK Stellenbosch

# Gemeenteblad

Volume XXI: Nr 2: Tweede Semester: Koninkrykstyd 2021

# God, Covid en die Entstof


## *Lusmaker vir die Videoreeks*

Richard van Wyk en Lionel Hutton (ons jeugleraar) het 'n gespreksreeks op *Youtube* begin wat hulle die "Lionel Richie-gespreksreeks" noem. Hulle eerste reeks handel oor **God, Covid en die entstof.** Richard skryf

**Pandemies en epidemies:**
Deur die eeue is die mensdom gebombardeer met verskeie epidemies en pandemies.

- Ons weet uit navorsing dat een van die oudste epidemies reeds 3000 v.C. uitgebreek het, en, heel interessant: in China.
- Baie van ons sou dalk al gehoor het van die Swart Dood wat tussen 1346 en 1353 gewoed het en fisies die helfte van Europa se bevolking uitgewis het.
- Seker een van die grootste pandemies so ver in die geskiedenis van die mensdom is die grieppandemie wat soms ook, heel verkeerdelik, die "Spaanse Griep" genoem word (1918-1920). Oor die 50 miljoen mense is dood.
- Dié griep het ook na Suid-Afrika versprei en is hier die "Groot griep" of die "Driedag-siekte" genoem. Binne sewe dae sterf 140 000 mense landswyd. Dit beteken daar sterf 7000 mense per dag. Slegs in Kaapstad sterf daar 6000 mense in 14 dae – dit is 425 mense per dag.

Wat baie opvallend is, is dat mense gewoonlik in tye van lyding en pyn, plae, pandemies en epidemies, vrae oor die rol van die goddelike of bonatuurlike begin vra. Daarom het ons dit goedgedink om na sulke vrae te luister en dit te beantwoord.



*Vervolg op 2*

## Om te doleer of nie – en waaroor?

***Johan van der Merwe***

Lidmate sou kennis geneem het van 'n groep gemeentes in die NG Kerk wat hulleself as "dolerende gemeentes" benoem het. Ten tyde van hierdie skrywe het 84 gemeentes landwyd hulle by hierdie losse beweging, genaamd die "Kairos Netwerk," aangesluit.

Maar wat beteken hierdie vreemde woord "doleer" en vanwaar die gedagte van "dolerende" gemeentes? In kort, "doleer" beteken om te "treur." Die gemeentes wat hulle by hierdie netwerk aansluit, dui dus aan dat hulle oor iets "treur" of hartseer is. Waaroor hulle treur, is egter baie spesifiek. Hulle treur oor wat hulle sien as die NG Kerk se "afwyking van die kernbelydenisse van die kerk" en hulle siening dat die NG Kerk nie meer die Woord van God as onfeilbaar ag en as sodanig verkondig nie.

Dit is natuurlik ernstige aanklagte. So beweer die Strand Moedergemeente byvoorbeeld dat die kerk, veral by monde van haar Algemene Sinode, nie meer glo in God as Skepper nie omdat die evolusieleer nie afgewys word nie, dat die kerk nie meer glo dat die Satan bestaan nie, dat kern-belydenisse soos die maagdelike geboorte nie meer geglo word nie en dat die kerk nou glo Jesus Christus is nie meer die enigste weg tot saligheid nie. Groot gewag word ook

*Vervolg op 3*

**Kyk binne vir:**



"Dolerende kerke?" 1, 3



Pelgrimstog v Hoop 4



Stellumthombo Lees 8



Masandise 9



Kruiskerk Kronieke 11



Rekenaarkerk 10 & 12




Die Alfakursus 14




Kinderblad 15-16

## Episode 1:
## Is Covid God se straf op sonde?

https://www.youtube.com/watch?v=osz83-Sp4v0&t=8s

In hierdie gesprek kom ons tot die konklusie dat daar nie 'n noodwendige direkte verband tussen siekte en sonde is nie. Ons dink ons moet siekte en epidemies en pandemies bedink vanuit die "*hamartologie*" – die sondeleer. Ons gebruik dan die skema van die 3 "B's":

- God **bestraf** sonde. Hy is 'n regverdige God en sal regverdig oordeel oor alle sonde.
- God **begrens** sonde. Daar kom 'n tyd (selfs ook in ons tyd) maar spesifiek met die wederkoms, waar God vir sonde gaan sê, "Dit is nou genoeg. Ek trek 'n streep. Ek begrens die invloed van sonde".
- Die wonder is dat ons 'n almagtige God aanbid, wat ook selfs die sonde kan **benut**. *Hy is nie die outeur van sonde nie*, maar Hy kan dit gebruik tot sy voordeel. Dink maar net aan *Genesis* 50:20, as Josef se broers hom aanvanklik verkoop en dan gebruik God hulle sonde om sy volk te red.

## Episode 2:
## Is Covid 'n teken van die eindtyd?

https://www.youtube.com/watch?v=X-h3LaBdEv4

In hierdie gesprek kom ons tot die gevolgtrekking dat Covid ***nog 'n teken is*** van die feit dat ons Here op pad is om ons te kom bevry van *alle* sonde, siekte, pyn en nood:

*Matteus* 24:8: "Al hierdie dinge (*ook Covid*) is geboortepyne , die begin van die nuwe tyd."

## Episode 3:
## Is die entstof die merk van die dier (666)?

https://www.youtube.com/watch?v=c46hfDvrtsg

Ons gesels hier oor wat die "merk van die dier" beteken en of ons nie eerder moet konsentreer op die "merk van God se Lam" nie? Ons kernteks in dié gesprek is:

***Openbaring* 14:1**

Toe het ek die **Lam** op Sionsberg sien staan en by Hom honderd vier en veertig duisend mense met **sy Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe geskrywe**. (vgl. ook tekste soos *Efesiërs* 1:13, 2 *Korintiërs* 1:22, *Openbaring* 8:9).

Verskeie interessante betekenisse is moontlik en deur die eeue is daar interessante sommetjies gemaak. Volgens die **gematria stelsel**, wat algemeen in die antieke wêreld bekend was en gebruik is, syferwaardes aan letters toegeken, byvoorbeeld: A=1; B=2; C=3. Die numeriese waarde van ABC (as dit jou naam was) sou dan 1 + 2 + 3 = 6 wees.

Daar is oulike (*maar belaglike*) intellektuele gimnastiek oor wat 666 kon beteken. Die oulikste (*maar belaglikste*) wat ons raakgelees het, is:


Corona het 6 letters en hulle numeriese waarde (volgens ons alfabet) moet dus die "antichris" wees.
**Ons doen die Bybel 'n oneer aan om dit só te gebruik!**

| | |
|---|---|
| C - | 3 |
| O - | 15 |
| R - | 18 |
| O - | 15 |
| N - | 14 |
| A - | 1 |
| **6** | **66** |

## Episode 4:
## Hoe werk Covid en die entstof?

*In gesprek met Prof. James Rattray Joubert*

https://www.youtube.com/watch?v=1UU_REc5lsk




Hierdie is een van daardie gesprekke wat jy tog nie moet misloop nie. Prof. James is 'n wêreldbekende pulmonoloog, wat staan op die frontlinies wat die pandemie beveg. Sy insigte strek baie verder as net die mediese wetenskap. Hierdie gesprek kan nie in 'n paar woorde opgesom word nie. Ons nooi die lesers uit om asseblief tog die gesprek op *Youtube* te gaan kyk.

## Episode 5:
## Hoe tree Christene eties-verantwoordelik op?

*In gesprek met Dr. Johan van der Merwe*

https://www.youtube.com/watch?v=caoU3_8bMp8

Hier vat ons alles saam deur die vraag te beantwoord oor hoe ons wetenskap en geloof met mekaar *kan* en *moet* versoen.

Ons beantwoord ook die vraag oor hoe ons Christelik-eties verantwoordelik oor die entstof moet dink.

Ons hoor baie die vraag: Waar is God in ons lyding? Ons standaard antwoord is dat God is waar Hy nog altyd was. Hy is Immanuel: **God by ons**. Ons wil dus vir julle twee tekste gee om aan vas te hou in hierdie moeilike tyd (een uit die Ou Testament en een uit die Nuwe Testament):

***Psalm* 46:2-4:**

*God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood. Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see, al druis en skuim die waters van die see, al skud die berge deur sy onstuimigheid. Sela*

***Matteus* 28:20:**

*Met sy hemelvaart sê Jesus vir sy dissipels in Matteus 28:20: "Onthou Ek is by julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."*

*Opsomming namens die aanbieders deur Richard van Wyk*

### Ons gespreksreeks deel graag met lesers hierdie inspirerende verhaal:

'n Lutherse predikant met die naam van Martin Rinkart het aan die begin van die dertigjarige oorlog na Eilenburg in Duitsland gegaan. Die ommuurde stad het die toevlugsoord geword vir politieke en militêre vlugtelinge, met gevolglike oorbevolking en die uitbreek van beide 'n dodelike pes én hongersnood. Weermagte het die stad drie keer oorrompel. Gedurende die hoogtepunt (*laagtepunt*) van die ernstige plaag in 1636 was Rinkart die enigste oorlewende predikant aldaar. Hy neem tot 50 begrafnisdienste per dag waar.

Hy het meer as 4000 begrafnisse in 1636 - 7 insluitende dié van sy eie vrou, waargeneem. In hierdie tyd skryf hy een van die bekendste liedere vir die kerk: "*Nun danket alle Gott*" – ons Lied 188 –

*"Kom dank nou almal God,*
*met hart en mond en hande;*
*loof Hom wat wonders doen*
*tot in die verste lande.*
*Van vroeg, van kindsbeen af,*
*het Hy ons trou bewaar*
*en tot vandag toe nog*
*geseën en gespaar."*

(Voortgesit van bladsy 1 af)

## Om te doleer of nie – en waaroor?

gemaak van sinodale besluite rakende selfdegeslaghuwelike en dat die kerk dus volgens die dolerendes nie meer in die Bybelse huwelik glo of geslagtelikheid eerbiedig nie.

Elkeen van hierdie aanklagte verdien 'n afsonderlike bespreking. In hierdie ruimte wil ek net twee sake aanroer. Enersyds die geskiedenis van kerklike "doleansie" en andersyds 'n mening oor dit wat "betreurenswaardig" is.

Die oorspronklike "doleansie" was 'n breukspul in die *Nederlands Hervormde Kerk* in 1886, onder leiding van Abraham Kuyper. Dit was die tweede skeiding in die kerk, aangesien daar ook in 1834 al 'n skeiding was wat gelei het tot die vorming van die *Christelik Gereformeerde Kerk* in Nederland. In 1885 het Kuyper en sy ondersteuners klagtes ingedien oor "liberale praktyke" in die kerk (insluitend sieninge oor Skrifgesag en probleme met praktyke soos die inbring van Evangeliese Gesange). Gemeentes het toe begin om predikante wat by die Vrye Universiteit van Amsterdam opgelei is, aan te stel, in plaas van by die kerk se kweekskole in Leiden, Groningen en Utrecht, wat deur hulle as "liberaal" in hulle opleiding beskou is.

Daar was allerlei strydpunte. Hofsake het gevolg—oor aan wie die kerk se eiendom behoort. Die doleansie (en dolerendes) het hierdie hofstryd verloor. Dié gemeentes het bymekaargekom in die "*Nederduits Gereformeerde Kerk (Dolerend)*" en in 1892 het hulle saamgesmelt met die Christelik Geformeerde Kerk om die *Gereformeerde Kerke* in Nederland te vorm. In 2004 het die Gereformeerde Kerke in Nederland met die Nederlands Hervormde Kerk en die Lutherse Kerk saamgesmelt om die *Protestantse Kerke in Nederland* (PKN) te vorm, na 'n jarelange proses, genaamd die "Saam-op-Weg" proses.

Die vraag oor sulke bewegings is natuurlik hoe suiwer die motiewe is. Soms is sulke bewegings deurspek van politiekery. Abraham Kuyper het inderdaad selfs in 1879 'n eie gereformeerde politieke party gestig, die *Antirewolusionêre Party*. In ons eie NG

**Treur liewer saam met ons oor dié dinge wat God se hart breek.**

Kerk se geskiedenis is male sonder tal ervaar hoe dominees wat nie met mekaar persoonlik oor die weg kon kom nie, aanleiding gegee het tot die afstigting van gemeentes (wat dan na jare weer "terugstig" en eenword – die *Ou en Nuwe Kerk van Graaff-Reinet* word dikwels in hierdie verband as voorbeeld genoem). Redes wat aangevoer word, het altyd geklink na suiwer teologiese redes, maar die geskiedenis het geoordeel dat dit met persoonlike motiewe gekleur was. Daarmee wil ek nie te kenne gee dat die kerk nooit haar roeping en belydenis kan verlaat nie en dat daar nooit kritiese stemme uit die kerk moet opklink oor die rigting waarheen ons op pad is nie. Was dit immers nie vir hierdie kritiese stemme in ons meer onlangse verlede nie, het die NG Kerk nou nog vasgesit in 'n volksideologie.

Waaroor moet ons dus "doleer"?

Inderdaad, wanneer die kerk begin om *haar roeping te versaak* en nie meer *gerig word deur die Woord en die sakramente* in haar sending na die wêreld toe nie. In hierdie konteks sal daar ruimte vir verskillende interpretasies móét wees. Gesonde "hermeneutiek" (die kuns van die uitleg en verstaan van antieke geskrifte) vereis dat ons die Bybel in historiese konteks moet lees, verskillende genres goed moet verstaan en *nie moet vasval* in 'n fundamentalisties-letterlike lees van die Bybel nie. Dit beteken dat ons juis méér moet maak van die Bybel en *nie minder nie*. Wie die Bybel buite sy konteks lees, doen die Bybel geweld aan. Lidmate van Moedergemeente kan gerus wees dat ons getrou leef volgens ons kernbelydenis dat *Jesus die Here is, die Kerk se belydenisskrifte onderskryf, die Apostoliese Geloofsbelydenis met oortuiging Sondag na Sondag hardop bely en dat ons ons gemeentevisie om vir God 'n Rivier van Lewende Water te wees, uitleef.*

Daarom "doleer" ons nie soos die ander 84 gemeentes nie. Ons is wel diep geraak deur die woorde van World Vision se stigter Bob Pierce: "*Let my heart be broken with the things that break the heart of God*".

Dáároor sal ons treur en daaraan sal ons dag na dag onvermoeid iets doen. Dit gebeur wanneer die wêreld om ons nie lyk soos Koninkryk van God nie: wanneer die Skepping verniel word; wanneer vroue en kinders geweld aangedoen word; wanneer mense in armoede krepeer. Ja, ons sal bly treur en werk totdat God se Skepping floreer soos Hy dit bedoel het. *Treur saam met ons oor die dinge wat God se hart breek. Staan saam met ons teen die dinge wat God se hart breek.*

IJvdM

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

### BEDIENINGE

## Wat bly dieselfde in tye van verandering?

Die negentiende-eeuse Britse digter Tennyson skryf:

*"The old order changeth, yielding place to new,*
*and God fulfills himself in many ways,*
*lest one good custom should corrupt the world…"*

In die sowat twintig jaar sedert my aftrede as universiteitsdosent, en veral sedert ek by die redaksie van die *Gemeenteblad* betrokke geraak het, het ek verskeie bedieninge sien kom en gaan. Mense begin met 'n bediening en is baie geesdriftig, maar dan verander hulle omstandighede, of hulle verlaat Stellenbosch, en die bediening verander van gedaante onder nuwe bestuur, of kwyn selfs weg.

Daar was die Motorfietsbediening, wat geld vir kospakkies vir arm mense ingesamel het. Hierdie Kospakkie-bediening (bedoel vir armes wat nog wag op hulle maatskaplike toelaag) het verander en geblom in die groter prentjie van bediening aan armes, wat uit verskeie bedieninge sáám ontwikkel het tot Stellumthombo, eers met drie bene, Beursfonds, Straatlig en *BecomingKids*, maar tans met twéé: Masandise (-beursfonds) Studiehulp en Stellumthombo, laasgenoemde met klem (sedert die aanvang van Covid) op vroeëkinderontwikkeling (sien bladsye 8 en 9).

Daar was die kortstondige "Perdebediening" wat die lot van afgeleefde perde wou verbeter, ook "Operasie Ooievaar" wat effens langer gehou het. Dit het geskenkpakkies aan die mammas van pasgebore babetjies by sekere klinieke gegee. Die "Christen-manne" en "-vroue" (aparte bedieninge) het nooit juis bekendheid verwerf nie. Meer geslaagd was "*Grey Matters,*" wat aktuele sake vanuit ongewone hoeke bespreek het, maar, met die vertrek uit die Bos van die stigter, het ook hierdie bediening doodgeloop.

Ander bedieninge gaan voort, jaar ná jaar—veral, nogal vreemd, in studentegeledere, waar daar immers al om die derde of vierde jaar 'n byna volledige verwisseling van studentegeledere is. Seker die heel oudste Christelike studentebediening is die Transkeiwerkersunie, wat sedert 1958 floreer, al het Covid hulle beplande uitreike reeds twee jaar lank gekortwiek. Effens jonger is die Mosambiek- en Lesotho-bedieninge, Atlete vir Christus en *Canticum Novum.* Laasgenoemde het op 'n stadium byna doodgeloop, maar verskeie jaar gelede het dit herleef. Dit is egter nou ook vir nie-studentelidmate van die Gemeente oop. Ook *Canticum* is in die jongste verlede deur Covid gestrem. Soms het net 'n naam verander. Die plaaslike studentegemeenskap hou nie meer "kleingroep" onder die vaandel van "*Crux*" (die Latyn vir Kruis) nie: dis nou Studente-Kleingroepe.

'n Redelik nuwe bediening is *Ranyaka*, onder die vaandel van die Raad vir Kerklike samewerking, waarby verskeie gemeentes uit ons héle gemeenskap betrokke is en wat sosiale kohesie bevorder (sien bladsy 4). Dit neem in 'n mate die plek in van die voormalige Beweging vir Sosiale Kohesie. Nog 'n gedeelde bediening is die Internasionale Bediening (sien bladsy 6).

'n Mens mag wonder waarom die Here toelaat dat goeie bewegings tot 'n einde kom. Een van die redes lê in Tennyson se woorde hierbo aangehaal. Voordat dinge verstok en dit 'n "plig" in plaas van "plesier" vir deelnemers word, laat Hy toe dat dit verander — en daarmee vernuwe word.

Maar die God vir Wie ons dien — Hy verander nie!

***Redakteur***

# Pelgrimstog van ONTHOU, HEELWORD en HOOP!


Jan van Zyl  Danny Bock

Op Erfenisdag (Vrydag 24 September 2021) het 'n groep van 65 mense uit die breë gemeenskap van Stellenbosch die 15 km roete wat deel van die Pelgrimsroete van Hoop vorm, van die Rynse Kerk op die Braak tot by die Congregational Kerk in Pniël gestap.

Sewe kerkleiers, uit Moederkerk, die VG Gemeentes Cloetesville, Idasvallei, Kayamandi en Kylemore, Stellenbosch Gemeente en die Congregational Gemeente van Pniël, het 'n paar weke voor die tyd bymekaargekom om die geleentheid te reël. Die fokus van die pelgrimstog was om lidmate uit die verskillende gemeentes te nooi om saam te stap en op die roete liturgiese momente in te rig waar ons kon stop en nadink oor ons verlede en erfenis, om stories te vertel en te besin oor hoe ons 'n nuwe hoopvolle storie sáám kan skryf.



Sipho bedien Nagmaal

Ons het met koffie voor die Rynse Kerk op die Braak begin, waarna ons met Kerkstraat opgestap het en onder orrelbegeleiding in Moederkerk stilgeraak het. Jan van Zyl en dr Sipho Mahokoto van Kayamandi het saam nagmaal bedien en nagedink oor hoe die verdeeldheid in die kerk juis óm die nagmaalstafel ontstaan het. Hierdie was dus juis 'n teken van heling: om as verskillende gemeenskappe sáám die tekens van ons eenheid te ontvang.

Hierna is ons via Andringastraat na die Ou Hoofgebou, waar ons saam die Aanhef van die Konstitusie van SA hardop gelees het. Elkeen het 'n lint ontvang en ons moes nadink watter woord uit die aanhef jou aanspreek, iemand in die groep wat jy nie ken nie, vind, dan julle woorde met mekaar deel en sê hoekom jy dit gekies het. Daarna het ons mekaar gehelp om 'n lint aan elkeen se woord te bind. Ons het die nasionale volkslied as 'n gebed: gesing,:"*Nkosi, sikelel' iAfrika*" – Heer, seën Afrika!


By die Ou Hoofgebou

Ons het Adringastraat gevolg tot in die Vlakte en regs gedraai, in Banhoekweg op, tot voor die Luckhof Skool. Hier het ds Danny Bock iets vertel van die gedwonge verskuiwings in die laat 60's en hoe die leerders van die skool gedwing was om met hulle eie banke die straat op te stap, Idasvallei toe, na die nuwe Luckhof Skool. Ons het almal besef hoe belangrik die vertel en aanhoor van hierdie stories is. Daar lê 'n stuk heling in die erkenning van ons erfenis – die goed én die sleg. Hier het ons vir mekaar gesê hoe belangrik dit is om nie net *brugbouers* te wees nie, maar dat ons die *brug* na mekaar en mekaar se wêrelde moet word.


Danny vertel hoe die skool moes trek

Via Idasvallei is ons oor die Ou Helshoogtepas na Kylemore, waar ds Cornelius Spanneberg ons vertel het van die ryke geskiedenis van Kylemore, hulle trots op die twee Springbok rugbyspelers wat hulle gemeenskap opgelewer het en die geskiedenis van die slawevallei waarin hulle woon.

Die staptog het ook 'n ekonomiese inspuiting gebied vir een van Kylemore se entrepreneurs. Ons het 100 roosterkoeke vir die groep by haar bestel, met heerlike kaas en konfyt, wat ons veral teen die Helshoogtepas uitgehelp het.


Versoening in die Congregational Kerk

Ds Leon Klate het die pelgrimstog gepas afgesluit met 'n aangrypende liturgie, waar ons weer die tekens van versoening saam gebruik het.

Hierdie was beslis 'n baie betekenisvolle wyse om Erfenisdag te vier! Dus hoop ons om dit 'n jaarlikse instelling te maak. Dankie aan almal wat meegedoen het en julle eie stories gedeel het!

***Jan van Zyl***


Geheel, versoen en vol hoop vir 2022

GESPREK MET MOEDERKERK SE VOORSANGER

# Wie is Xander Kritzinger?

**Irénée vra uit oor Xander se vroeë jare**: "Ek het in Natal grootgeword – eers Durban, later Newcastle, op 'n plaas aan die voet van Majubaberg. Ek was vir drie jaar in die Drakensbergse Seunskoor (destydse standerds 5-7), en daarna op Newcastle self. Na matriek is ek terug na die Drakies toe, vir opleiding as student-dirigent. Hierna moes ek kies tussen PUKKE en Stellenbosch vir verdere studies, 'n maklike keuse! Met 'n familiestrandhuis op Kleinmond, was ek in my hart nog altyd 'n Kapenaar, dus was dit vir my soos 'n tuiskoms om op Stellenbosch te beland. Dit is nou amper 20 jaar later en hier is ek steeds!

"Ek het uiteindelik BMus (Hons) behaal. Reeds in my derde jaar (2007) het ek 'n koor in die destyds koorlose Paul Roos Gimnasium begin. Rhenish High het toe ook van die "nuwe outjie" gehoor. Ook daar het ek 'n koor begin afrig. In 2010 is ek permanent by Hoërskool Stellenbosch se musiekdepartement aangestel (waar ek steeds tans werk). Dis 'n fantastiese geleentheid en 'n groot voorreg om te sien watter impak 'n mens deur musiek op kinders se lewe kan hê. Ek het later ook MMus afgehandel en is sedertdien smiddae as dosent by die US betrokke. Saans verwyl ek my tyd met afrigting van vier kore – ons dorp se Kinderkoor, *Viva Cantare* en twee kore by die Hoërskool."

**Wat van slaap en rus?** "Ek glo in die hiernamaals sal daar genoeg tyd wees om te rus! Ons is so kort op aarde! Ek wil die meeste maak van elke geleentheid."

**Wie sou jy die graagste vir ete wou nooi?** "Ek dink nogal Johannes Brahms. Hy is een van my gunsteling komponiste. Ek sou ook vir Joseph Haydn vir ete wou nooi. Daar is baie in beide se musiek en menswees wat met my resoneer. Hierdie uiterstes van 'n spektrum 'praat' juis met my. En ook my ma! Sy is oorlede toe ek 21 was. Ek sou graag nou as volwassene met haar oor alles in my lewe wou gesels. Ons deel baie dinge – sy was ook 'n koormeester, komponis en onderwyseres.

**Jy het in grendeltyd deel van ons musiekbediening geraak. Jy en Zorada het 'n groot impak op ons eredienste. Hoe het dit gebeur?** "Dit was onverwags en sou net tydelik gewees het! En nou is ek steeds hier. Interessant genoeg, kom ek glad nie vanuit 'n NG Kerk agtergrond nie. My voorouers was almal uit die Pinksterkerktradisie. Een deel uit my pa se familie het *Lede in Christus* begin. Aan my ma se kant is daar ook stigterslede van die Pinkster Protestante Kerk. En my oupagrootjie aan my pa se kant was 'n stigterslid van die AGS in die Kaap. Die orrel wat hulle destyds gebruik het, kom nou na my toe.

"My reis saam met Moederkerk het begin met 'n telefoonoproep. Freddie Greef het my verlede jaar uit die bloute gebel en gesê hy sit nou en dink aan my. Hy het hierdie prentjie van die Westerkerk in Amsterdam van die sanger wat daar sing, en hy dink hy moet met Zorada gesels. *En die res is geskiedenis!* Toe gebeur daar iets met my wat ek glad nie verwag het nie. Soos vir baie, was 2020 vir my 'n louteringsjaar; en die feit dat ek kon sing en deel word van hierdie gemeente was vir my 'n reddingsboei. Ek onthou nog die eerste keer dat ek hier gesing het en gedink het: 'As my ma darem nou moet weet ek sing in die Moederkerk op Stellenbosch – sou sy in haar graf omdraai!' Die NG Kerk is nog altyd in my familie voorgehou as 'die vyand'. En hier word ek deel van 'n gemeente waar die Here my hart kom aanraak... Dit is iets wat ek glad nie verwag het nie. Kyk, ek was toe al vir baie lank nie meer deel van 'n kerkgemeenskap nie – hoe ek grootgeword het en hoe ek die afgelope klomp jare na die lewe kyk, het heeltemal verander.

"Maar hier het ek gevind waarna ek so lank gehonger het: ek soek diepte, ek soek eerlikheid, ek soek stilte en 'n ontmoeting met God. En skielik het daar 'n klomp liggies vir my begin blink. Toe ek nou hier begin sing en ek sit daar in die erediens het ek – ek, uit 'n Pinkster-agtergrond – *totaal onverwags* die teenwoordigheid van die Heilige Gees op 'n *intense* manier beleef. Ek ervaar innigheid en nabyheid. Ek sien die Here en hoor sy stem in die diepte van die lirieke. Ek het glad nie die liedere van die Liedboek geken nie, en skielik het daar vir my 'n wêreld oopgegaan. Dit was (en is) vir my 'n ontdekkingsreis om elke Sondag te sien wat ons gaan sing! Deur eeue-oue melodieë en tekste het ek die waarheid herontdek en die Here op 'n nuwe manier begin sien, iets wat ek nog nooit op enige ander plek ervaar het nie.

"Vir die eerste keer voel ek geestelik tuis en weet ek daar is 'n rol vir my binne hierdie geloofsgemeenskap. Nou weet ek dat ek voor God kan staan en kan vra: 'Gebruik my in u Koninkryk!' Ja, dis 'n deel van my bediening, maar dis ook deel van my pad van genesing. En ek weet nou dat ek nooit God se goedheid en grootheid volledig hoef te verstaan of 'n vaste greep daarop hoef te hê nie. Ek verstaan genade nou heeltemal anders – en nuut, en dít is geweldig bevrydend."

**Baie dankie vir wat jy gedeel het, Xander! Ons is baie dankbaar dat jy deel van ons geloofsgemeenskap is en sien uit na die pad wat voorlê!**

*Irénée Heyns het die onderhoud gevoer*

ºººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººººº

DIE WORTEL VAN ALLE KWAAD — OF ONONTBEERLIKE HULPBRON?

# Die verskil tussen 'n kerk se finansbestuur en gewone sakebestuur

In vele opsigte verg die finansiële bestuur van 'n gemeente dieselfde afruilings (*trade-offs*) as dié waarmee sakemense in die praktyk gekonfronteer word. Soos in talle ander suksesvolle organisasies, is die finansiële volhoubaarheid van 'n gemeente van kritieke belang. Die nastreef van so 'n langtermyndoelwit vereis altyd die versigtige bestuur van uitgawes, tesame met die uitbou van inkomstebronne.

'n Mens kan egter wonder of daar nie ook 'n verskil is nie: kerke, anders as gewone sake-organisasies, is tog nie primêr winsgedrewe nie? Maar hierdie oënskynlike verskil is nie diepliggend nie. Dr Anton Rupert het jare gelede reeds opgemerk dat 'n sukesvolle (of volhoubare) onderneming een is wat die gemeenskap teen 'n wins *dien*. 'n Sake-onderneming wat op kortsigtige wyse uitgawes wil sny en pryse wil maksimaliseer, ook ten koste van kliënte, loop gou sy rieme styf. Op dieselfde wyse is 'n volhoubare gemeente een wat 'n versigtige balans tussen bronne en die aansprake op daardie bronne handhaaf.

In die tye waarin ons leef, is die aanspraak op uitgawes, uit 'n verskeidenheid hulpbehoewende oorde, groot. Die druk op inkomste, in 'n veranderende land en wêreld, is andersyds ook geweldig (soos ook duidelik blyk uit die finansiële posisie van baie gemeentes in die land). In so 'n moeilike omgewing, net soos talle sakeondernemings wat daagliks onder strawwe mededinging sake doen, moet die gemeente haar werk doen. Dit is daarom van kritieke belang dat 'n kerk oor bekwame finansiële kundigheid moet beskik. Die Finansbediening, onder die leiding van Niel Krige, werk al baie jare nougeset om finansiële volhoubaarheid te verseker.

Sukses is nooit gewaarborg nie en die gemeente kan nie op haar louere rus nie. Soos in ander organisasies, is dit belangrik dat alle rolspelers – insluitend gemeentelede – die finansbestuur sal ondersteun om ons bronne ten beste, tot eer van die Here, te benut.

*Wimpie Boshoff*

MISSIE JAPAN

# ’n Sendeling op eie bodem—versterk deur ons vennootskap in Suid-Afrika



Stéphan en Carina van der Watt (links, sesde en sewende van voor) verkeer gesellig met die Moederkerk se kerkraad op die Hofmeyrsaal se plein




Stéphan tree in Moederkerk op

Getuieniswerk in Japan is ’n taak wat baie volharding en geduld vra. Dié werk lei soms daartoe dat medewerkers, sendelinge of plaaslike ondersteunende gemeentes, asook sendingorganisasies, tou opgooi en deel word van die statistiek van mislukte pogings. Japan word nie verniet deur sommige (bv. Shusaku Endo in sy boek *Silence*) beskryf as ’n ongasvrye “moeras’” en deur ander as die “begraafplaas van sendelinge” nie.

Tydens die afgelope (amper) vyf maande was ons Van der Watt gesin, as Moederkerk-Kruiskerk se gestuurdes in Japan, op tuisbesoek in Suid-Afrika. Ons ervarings hier het opnuut die woorde uit *Fillipense* 1:3-5 by my opgeroep, “Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink. In al my gebede bid ek altyd met blydskap vir julle almal, omdat julle van die eerste dag af tot nou toe saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie.”

Die sleutelwoord hier is “saamgewerk”. Ons sou dit ook kon noem “vennootskap ter wille van die Evangelie”. Die gelowiges in Filippi was Paulus se vennote op sy sendingreise. Geen ander gemeente was bereid om sy vennote te wees toe hy uit Masedonië vertrek het nie (*Fil*. 4:15). Maar sy broers en susters in Filippi het hom deurlopend ondersteun en verál ook in moeilike en uitdagende tye versterk. Hulle omgee en sorg vir hom het voortgespruit uit hulle eie verbintenis aan die waarheid van die evangelie. En Paulus self het hierdie gesindheid in hulle help kweek, aangevuur deur die werk van die Heilige Gees. Die gelowiges in Filippi het vir Paulus baie bly gemaak, juis omdat hulle vanuit hulle eie broosheid soveel goeie werk gedoen het. Hulle volharding in dié vennootskap was ’n onmiskenbare teken van God se goeie werk in hulle.

Ons is aan hierdie selfde realiteit herinner in ons wye reise deur Suid-Afrika, op besoek aan gemeentes. Ons is gevul met moed en krag om voort te gaan, omdat ons weer aan die lyf ervaar het dat ons nie alleen hierin is nie. Party ondersteuners wat ons op weg ontmoet het, is al vele dekades betrokke by Missie Japan se werk. Hulle daadwerklike liefde, omgee en gebede is inspirerend. As gevolg van die pandemie is die uitdagings vir ons ook vermenigvuldig (nie net finansieel nie, maar ook emosioneel). Daarom is die vennootskap met julle as ons onderskragende geloofsfamilie in Stellenbosch nou krities belangrik. Ons is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Sáám is ons inderdaad sterker!

*Stéphan van der Watt*




Stéphan voor die Kruiskerk-lidmate

**STELLENBOSCH MOEDERKERK**
DROSTDYSTRAAT 2
7600 STELLENBOSCH

TEL: 021 883 3458
FAKS: 021 886 4041
kantoor@moederkerk.co.za
www.moederkerk.co.za

LERAARSPAN
ALLE URE: 074 354 0088
Marie Britz
Richard van Wyk
Jan van Zyl
Irénée Heyns
Johan van der Merwe
Angelique Havenga
Lionel Hutton

**Baie geluk, Jan!**

Jan van Zyl is een van tien ontvangers van die e’Bosch gemeentskap-samehorigheids-erkennings vir die werk wat hy saam met Ranyaka vermag om versoening en vriendskap tussen Stellenbossers te bevorder. Sien sy berig op bladsy 4 oor die “Pelgrimstog van Onthou, Heelword en Hoop”

**Bedieninge bladsy 6**

## Die Havenga-gesin (Met pastorievader en pastoriebaba)




Trotse ouers Angelique en Marnus met Lize, gebore op 11 Oktober

INTERNASIONALE STUDENTEBEDIENING

# Geweldige groei, maar sy toekoms is in die weegskaal!



Internasionale Sneeu-uitstappie

***Jurie Goosen berig:***

Ons kry baie geleenthede om emosionele en geestelike ondersteuning aan studente en hul gesinne te bied. Die bediening ondersteun studente, ongeag hul godsdienstige of kulturele agtergrond.

Omstandighede het ingrypend vir almal van ons verander weens die globale pandemie. Internasionale studente se behoefte aan vriendskap en ondersteuning bly egter dieselfde. Die wêreld het verander, maar ons fokus is steeds om studente te ondersteun en te bereik met die Evangelie. Die globale krisis lei tot ʼn groter gevoel van verlies en onsekerheid by studente. Die Engelstalige erediens bied sedert 2009 ʼn geestelike tuiste vir vreemdelinge. Studente word weekliks ondersteun deur Bybelstudie en die groep vir getroude dames (dikwels die eggenotes van studente, party met jong kinders).

Ek is dankbaar vir Tyler Helfers van die *Calvin University* in die VSA, wat vanjaar vir drie maande ʼn internskap by ons internasionale geloofsgemeenskap meegemaak het.

Ons is bewus daarvan dat die pandemie en huidige ekonomiese klimaat ʼn geweldige impak op almal het. Die meeste kerke, en ook ons geloofsbediening, ervaar ʼn ernstige daling in fondse.

Ek en Magdaleen is in diens van Helderberg Uitreik, ʼn organisasie sonder winsbejag. Ons is afhanklik van God vir vrywillige bydraes van donateurs en gemeentes. Dis ʼn uitdagende jaar met ʼn groot daling in fondse vir die bediening.

Tydens die laaste vergadering van die projekspan was daar net nog fondse vir drie maande oor. Tensy die befondsing verbeter, sal die laaste uitweg wees dat ek met vroeë aftrede moet gaan.

*Die bediening kan egter nie voortydig beëindig word nie*; dit sal groot skade aan die bediening meebring. Tyler en Christina Helfers ervaar God se leiding om terug te keer na die bediening in Stellenbosch. Hy sal georden word binne ʼn gemeente van die *Christian Reformed Church* in die VSA. Fondswerwing gaan in die VSA deur die Helfers-egpaar gedoen word.

Die Helfers kan as vrywilligers met eie fondse na die internasionale studentebediening kom. Fondse moet wel nog gevind word vir ʼn oorgangsfase van bediening, voordat ek in 2023 amptelik moet aftree.

Ek is baie dankbaar teenoor Stellenbosch Moederkerk, wat ʼn strategiese gesprek beplan, om daarmee ʼn werkbare proses vir die versekering van die toekoms van die internasionale studentebediening te kan opstel.

Ons vertrou op God vir ʼn oplossing en gaan voort met die bediening onder die room van internasionale lande se toekomstige leiers.



Afskeid vir die Helfers by die Goosens se huis: Jurie sit derde van links, met Tyler en Christina langs hom. Net voor hom, op die tapyt, sit Magdaleen met die Helfers se dogtertjie, Carina, op haar skoot.

***Bid vir die Internasionale Bediening!***

**Ons vra dat julle saam met ons oor die krisis in gebed sal tree. Baie dankie aan bestaande donateurs vir julle ondersteuning.**

*Jurie en Magdaleen Goosen*

**Skenk asseblief donasies via Stellenbosch Moederkerk:**
**Rekeninghouer**: NG Kerk Stellenbosch
**Nedbank**: Rekeningnommer **149 804 3232** Takkode:149821
**Verwysing*: Fans & u eie van**
*Sit asb. ʼn verwysing by alle inbetalings.*
*“Fans” = “Friends of All Nations”

Stellumthombo SnapScan

STELLUMTHOMBO

**Vroeëkinderontwikkling:**
Stellumthombo het vanjaar verkeie kursusse aangebied waardeur ons 67 onderwysers in die VKO (vroeëkinderontwikkeling)-sektor kon bereik. Hierdie kursusse het gewissel van ouderdomgepaste spelgebaseerde sessies, sensoriese spel, assessering, die Wet op Persoonlike Inligtingbeskerming (in Engels *POPIA*), sakebesuur in VKO-verband, tot ontluikende lees in die VKO. Al ons kursusse word met die ondersteuning van die gemeenskap aangebied, en mense wat hulle kennis met skoolhoofde en onderwysers kom deel.

Ons is bevoorreg om tans 16 VKO-skole te kan ondersteun en het die afgelope jaar 72 mentorsessies en skoolbesoeke gehou. In hierdie sessies kan ons aan skole meer individuele hulp gee.


WordWorks

**Leesprogram:**
Die *WordWorks*-leesprogram in Cloetesville het ook begin, met ywerige vrywilligers wat 'n uur per week 'n sessie vir graad 1-leerders bied. Ons leesprogram word ook tans op 'n plaas buite die dorp vir die graad een-leerders in hul naskool-klaskamer aangebied. Hierdie sessies help die leerders om hul lees- en skryfvaardighede te ontwikkel, wat nou veral baie belangrik is, aangesien hulle soveel skooltyd ontbeer of verloor het.

**Ruben Scheepers (Bestuurende Direkteur) groet ons**
Met groot hartseer het ons einde Augustus van Ruben Scheepers afskeid geneem. Ruben was sedert 2013 eers by Straatlig, en later Stellumthombo, betrokke. Hy het 'n groot rol



Opleiding

gespeel in die registrasie van Stellumthombo as niewinsgewende organisasie (sogenaamde *NPO*) en al die veranderinge wat rondom hierdie skuif moes plaasvind. Hy is 'n groot rolspeler in die versterkte verhoudings tussen Stellumthombo en die munisipaliteit sowel as met ander nieregeringsorganisasies (sogenaamde *NGO*'s) in die dorp. Ons gaan hom baie mis en wens hom alle voorspoed in sy nuwe werk toe.

***Duplo Six Bricks*-Program**
Ons is baie bevoorreg om die enigste *NGO* in die Wes-Kaap te wees wat tans saam met *CareforEducation* (Lego Education Suid-Afrika) 'n ouerskap-program met behulp van "*Duplo Six Bricks*" in die Wynlande kan uittoets. So ver is ons terugvoer van ouers af fantasties. Dis lekker om te sien hoe speel verhoudings versterk en leer bevorder.

*Arina Scheepers*


Om ses blokkies op te stapel, is nie so maklik nie!



Bydraes tot Stellumthombo se verskillende projekte vir 2021-22 word met dank ontvang:

**Bankbesonderhede: Stellumthombo NPC**
**Nedbank Takkode: 107110**
**Rekeningnommer: 113 069 7630**
**Verwysing: *Stellumthombo / Masandise studiehulp***

*Kry belastingvrystelling vir jou donasies by die Kerk se saakgelastigde:*
marianne@moederkerk.co.za

MASANDISE STUDIEHULP

'n OMGEEHART EN HELPENDE HANDE

# 'n Verhaal van vriendskap en deursettingsvermoë: Hoe die Here voorsien.

Onlangs verskyn daar in een van die dorp se WhatsApp-buurtgroepe 'n versoek om verblyf vir 'n student. Dit kom dikwels voor, maar hierdie versoek was anders: dis geplaas deur 'n (oud) Wilgenhoffer, namens 'n vriend. Hy vertel dat sy vriend (ons noem hom maar "Thabo") uit 'n minderbevoorregte gesin kom, maar met harde werk en deursettingsvermoë en ten spyte van siektes en beserings so ver gevorder het dat hy nog net sy finale skripsie vir 'n graad in Elektronies/Elektriese Ingenieurswese moet voltooi. Na 'n rampspoedige besering verlede jaar, is hy maar huis toe, waar hy solank in die eerste semester vanjaar geld verdien het deur as 'n onderwysassistent te werk en ook aan sy ou skool se matrieks ekstra wiskundelesse teen slegs R100 per maand aangebied het – sy bydrae tot die opheffing van sy gemeenskap, sê Thabo. Hiermee het hy 'n groot deel van sy studieskuld binne agt maande afbetaal. Hy wou egter in September na Maties toe terugkom om sy skripsie te kan voltooi.

Sy vriend het wel vir Thabo verblyf gevind en iemand anders het sy buskaartjie Stellenbosch toe geborg, maar sy ouers kon net R700 per maand afstaan om hom met sy losies te help. Hy is verseker van 'n betrekking in 2022, by die borge van sy studiebeurs, maar daar is nie geld vir sy verblyf en kos vir die tweede semester vanjaar nie.

Die ywerige Wilgenhof-vriend wend hom toe tot een van Moederkerk se predikante, wat hom aan die Masandisebestuur voorstel. Spoedig is gereël vir die orige losiesgeld (R2300 per maand, vir drie maande). Die helfte van hierdie bedrag is juis toe via *Givengain* deur 'n Amerikaanse gemeente geskenk. "Thabo" se kop is nou deur. Hy word as voogling deur twee nuwe Masandisementors, 'n afgetrede egpaar, aanvaar. Ander skenkings, wat vir hul vorige voogling, wat sy studies gestaak het, bestem was, is genoeg vir sy kosinkope.

Thabo moes ná 'n maand van blyplek verwissel, weens onredelike eise van die eerste verhuurders, maar het self 'n afslagprys by 'n ander huisbaas, redelik naby aan die Ingenieursgebou, beding. Die navorsing vir hierdie aangename en toegewyde jong man se skripsie vorder nou glo fluks. So het een persoon se omgeehart en vele helpende hande Thabo se las verlig.

Wil jy help om 'n verskil in 'n jongmens se lewe te maak? As jy ook 'n Masandisementor wil word, skakel Jo-Marie by 021 883 2956 / 073 441 9370 of stuur 'n epos aan: jmc@adept.co.za.

## 'n Jong Entrepreneur

**Black Beauty**

**Hair**

**PRICE LIST:**


| | |
|---|---|
| Soft braids | R100 |
| Da Braid | R200 |
| Twist | R250 |
| Amaflerho | R80 |

*Kiddie's Hair Style*
*R150*

*Call Simza* - **084 578 4577** *-15* **Fleur Street,** *Heather Park*

*Wear a mask and bring your own sanitiser, please!*

*We also do house calls!*



Toe Simbongile nie 'n internskap by 'n geskikte onderneming kon bekom om haar Diploma in Sakebestuur te kan voltooi nie, toe *maak* sy vir haar werk. Met die raad van 'n mentor, wat 'n sakeman is, en met behulp van haar eie mentor, het sy haar vaardigheid as haarkapster in haar omgewing begin adverteer. Met sulke billike tariewe sal haar onderneming gou begin floreer.

Die aanmoediging tot onafhanklikheid en ondernemerskap is en bly 'n belangrike doelstelling by Masandise Studiehulp.

## Kultuurverskille: Morele oorwegings?

Om 'n Masandisementor te wees, moet jy bereid wees om verskille in kultuur en morele uitkyk met takt, begrip en geduld te hanteer.

So moes 'n mentor die versoek van 'n student wie se skootrekenaar gesteel is, dat ons vir hom geld toestaan om 'n toordokter te huur wat die dief sou uitwys, met takt afwys, en verduidelik dat sodanige wiggelary nie deur Masandise onderskryf kan word nie.

Vooglinge se traagheid om te kommunikeer dui nie noodwendig op laksheid nie, maar eerder moontlik op 'n gebrek aan geld vir lugtyd (soms selfs omdat die student van sy onderhoudstoelaag aan sy sieklike ma gestuur het).

Studente wat jou, as hulle mentor, nie in die gesig wil kyk as jy met hulle gesels nie, of nie opstaan as iemand 'n vertrek binnekom, toon volgens Xhosagebruik *groot respek* vir jou as hul "meerdere." Ek moes al 'n student vir 'n werkonderhoud voorberei deur hom herhaaldelik te laat *oefen* om my in die gesig te kyk as hy met my praat.

En buite-egtelike babas? Ons moet in gedagte hou dat daar baie min geleenthede vir ontspanning of sport in townships bestaan, of, waar daar is, dit alles *geld* kos, wat die jongmense nie het nie. Jongmeisies is dikwels die prooi van die drifte van ouer mans, maar ook van hulle tydgenote. Seksuele spel is verniet.

Vreemd genoeg, ouerskap maak tog van ons vooglinge *beter* studente. Om iemand te hê wat van jou afhanklik is, gee rigting. Een jongman, wat skynbaar onomkeerbaar op verkeerde weë was, het, toe hy pa van 'n seuntjie word, dwelms en drank gelos en begin werk daaraan om 'n Senior Sertifikaat in loodgietery te verwerf. Lees is tans sy geliefkoosde tydverdryf. Hy is met liefde as voogling deur sy ouboet se mentor aanvaar, met wie hy nou 'n goeie verhouding het.

*Masandise verander werklik lewens!* *JMC*


**GEMEENTEBLAD REDAKSIE**

Jo-Marie Claassen
021 883 2956
jmc@adept.co,za

Johan van der Merwe
082 940 3319
johan@moederkerk.co.za

Anna du Toit
021 855 2223

Irénée Heyns
082 461 8564
irenee@moederkerk.co.za

Marlene Cloete
021 887 2104

DIE NOOD BREI UIT

# Wat doen ons tans?

FEEDING IN ACTION
VOEDINGSAKSIE

## Liesel Koen, Projekbestuurder, berig:

Stellenbosch Voedingsaksie strewe daarna om voedselsekuriteit in ons gemeenskap te bevorder om in die groot plaaslike behoefte aan voeding te voorsien. SVA bedien meer as 55 voedingspunte in twaalf gemeenskappe en ondersteun gereeld vele gemeenskapsorganisasies en behoeftige crèches met kosvoorrade. Tydens die pandemie moes SVA noodgedwonge nuwe voedingspunte aan boord neem soos areas van nood geïdentifiseer word. Die impak van die krisis is steeds enorm, omvangryk en verreikend. Die behoefte aan steun met voeding is soveel groter as voorheen.

Die werk van Voedingsaksie het vanjaar geweldig uitgebrei binne die gemeenskappe. Nuwe gebiede soos Wemmers-hoek, Jonkershoek en Meerlust Bosbou. De Novo en Klein Akker het ook as voed-ingspunte bygekom. Daar is altesaam vyftien nuwe voedingspunte wat op ’n meer permanente grondslag deel van ons groot platform geword het. Die nasorg-program van die Devonvallei Primêre Skool het onlangs ook uitgebrei om veral dié leerlinge te ondersteun wat in die grendeltyd swaar deur verpligte tuisbly getref is.

SVA is vroeër vanjaar deur ’n groep dames van die Devonvallei-omgewing genader met ’n versoek om hulp met kosvoorsiening aan nasorgleerlinge. Dié nuwe verwikkeling voorsien daagliks na skool aan ongeveer 50 leerlinge ’n gebalanseerde ete. Watter voorreg vir SVA om met hierdie opvoedkundige program te kan hande vat ter bemoediging van minderbevoorregte leerlinge in Devonvallei!

Nog ’n wonderlike storie van hoop is die “Klein Akker” informele nedersetting op die Bottelarypad, waar die mense regtig in uiters moeilike omstandighede probeer oorleef. SVA het ook hier ’n nuwe voedingspunt geopen en die kombuisie met die nodige apparaat gehelp toerus om 100 behoeftiges, onder wie veral kinders, verskeie keer per week te kan voed.

Daar is ook nuwe behoeftes in ander gemeenskappe geïdentifiseer waaraan ons binnekort aandag wil gee. En so brei ons werk en platform steeds uit. Ons vertrou die Hemelse Vader vir elke stap en ons is ook dankbaar vir die gemeenskap van Stellenbosch, wat as sy hande en voete dien om sy Koninkryk te help bou.

*Stellenbosch Voedingsaksie*

www.feedinginaction.co.za

### Wat kan julle doen?

Daar is behoefte aan ondersteuning met **droë en vars voorrade**. Ons sal veral ekstra **pasta en rys** (om die sop af te wissel) waardeer. Wat vars **vrugte en groente** betref, is ons totaal afhanklik van donasies. Verder is **toebroodjies** in die somer ’n gewilde item; ons sal nóg donasies van **brode** en toebroodjies verwelkom. Skenkings van **gevriesde sop** is steeds van groot hulp.

Ons waardeer u ondersteuning opreg! So vorm ons almal deel van God se groot ketting om sy liefde en genade in ’n gebroke wêreld uit te leef ...







Matteus 25:35

want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet;



### Aanlynkerk vir die héle gesin!

Die Rooms-katolieke heilige, St Franciscus van Assisi (1181-1226), sou baie bly gewees het om te sien dat huisdiere ook nou deel van die kerklike familiesamesyn voor die rekenaarskerm kan wees.

Hier kyk en luister die Sandrock-gesin, aandagtig na ’n Moederkerkerediens: **voor,** van links na regs**:** pa Johan, ma Trudie en boet Herman en **van agter na voor,** op die rusbank**:** sussie Karla, hond Lexi en boet Ruan.

FINALEJAAR-STUDENTE

# Waar gaan ek volgende jaar wees?



**Jean-Tiaan Cronje – Aktuariële Wetenskappe (HONS)**

Ek is tans besig om ’n boek deur Timothy Keller te lees waarin hy die volgende sê, *“Work is not, primarily, a thing one does to live, but the thing one lives to do. It is, or it should be, the full expression of the worker’s faculties... the medium in which he offers himself to God.”*

Ek is baie opgewonde om volgende jaar deel te kan uitmaak van Price Waterhouse Cooper, Johannesburg, se ARQ (*Actuarial Risk and Quantification*)-span en ook so deur die werk wat ek daar gaan doen, vir my te gaan kan géé as ’n instrument in God se hande. Dit gaan maar ’n aanpassing wees om nie daagliks bekoor te word deur Stellenbosch se berge-prag nie, maar ek sien uit na baie groei, pret en uitdagings.

**Christine Venter: M. Div (Teologie)**
**Praktiese Gemeentejaar: 2022 (NG Gordonsbaai)**



Vir sommiges is dit maar “drie, vier jaar,” maar vir ander is dit meer as wat hul bereid is om te erken. Tog is dit vir almal ’n moeilike taak om hul studentejare op Stellenbosch agter te laat. ’n Stellenbosch *alumnus* of *-a* sal jou met sprankelende oë vertel van die herinneringe op die Rooiplein, die bibsessies, ’n stoute swem in die Coetzenburgdam, die saamstap in Victoriastraat, op pad Kruiskerk toe, huisdanse, en vele meer.

Dit is amper onmoontlik om te dink: binnekort gaan dit vir ons finalejaars ook net herinneringe wees. En nou lê die angs van die regte grootmenswêreld voor, maar meer as wat ons graadsertifikate sal kan toon, het daar soveel groei plaasgevind. Alleen, saam met vriende, geliefdes en saam met God, is ons in die Eikestad.

Dit dra ons nou in ons nuwe lewens in!

BEVESTIGING VAN LOOPBAANKEUSE:

# Ontmoeting met Duane Vermeulen



**Rouxve Meyer vertel**:

Ek het vanoggend besluit om in ’n koffiewinkel te gaan studeer. Dit word so beknop hier in my koshuiskamer, dus help dit baie om uit te kom. Ek het ’n bietjie laat gelê, dus val ek toe eers tienuur se kant in die pad. Op pad wonder ek of ek lus is vir ’n nuwe plek of eerder ’n plek wat ek goed ken. Ek kies toe maar ’n *regular*, waar ek weet ek heerlike piesangbrood kan kry – *Bootleggers*.

Toe ek daar opdaag, is dit propvol mense. Daar is net agter in die hoek, sitplek by ’n blad teen die muur, maar dit moes toe nou maar voldoende wees vir my om te sit en na my aanlynlesings te kyk. Ek bestel my gewone: *single shot Americano* in ’n groot koppie, met koue melk, ’n glas water met ys, sonder suurlemoen, en hulle alombekende piesangbrood. Langs my sit die bestuurder van die koffiewinkel. Hy lag vir my wat so ’n flou koffie bestel, maar bieg toe dat hy eintlik ook maar net *Ricoffy* drink. Ek merk toe ook op ons dra dieselfde oorbel – ’n kruis – iets baie na aan my hart.

Ek sukkel verskriklik met die lesing. Die werk is regtig moeilik en die lektor is nou nie juis besonders nie. Dus sit ek toe maar en mense dophou, wat ek graag doen as ek so in ’n koffiewinkel sit, maar vandag is ek behoorlik bly dat ek sit en loer.

Ek kyk so regs en my hart gaan staan byna. Ek kyk weer ’n tweede keer om seker te maak ek droom nie. Sowaar! Dis Duane Vermeulen.

Ek vra vir die bestuurder langs my of hy ’n rugby-*fan* is. Nee, sê hy, maar hy het agtergekom daar sit iemand bekends by daardie tafel. Hy vra my toe wie dit is en ek gee vir hom ’n volledige CV om te beklemtoon hoe bekend en belangrik hierdie persoon is. Hy grap toe en sê ek moet vir Duane ’n koffietjie na sy tafel toe stuur. Wat ’n wonderlike idee! Ek doen dit toe dadelik. Die kelnerin kom na my toe en rapporteer dat hy al twee *cortados* bestel het. Daaruit lei ek toe af dat dit sy gunsteling moet wees. Ek vra haar toe om vir hom een te stuur van my af, om dankie te sê vir alles wat hy doen.

Terwyl ek afwagtend sit en loer vir sy reaksie, besluit ek toe sommer om my te gaan voorstel ook. Ek het ’n hele versameling fotos saam met rugbyspelers, maar ek het nog nooit ’n foto saam met Duane Vermeulen geneem nie. Ek kan glad nie onthou wat ek alles vir hom gesê het nie – ek was vas oortuig dat dit ’n droom was. Ek het iets genoem oor rugby wat my passie is, maar ek bevestig toe maar net dat ek nie self rugby speel nie, voor hy dink ek is “vreemd”. Ek het oor en oor jammer gesê dat ek hom pla, maar ook oor en oor dankie gesê dat hy bereid sou wees om ’n foto te laat neem.

Ek noem toe ook dat ek Aktuarieel studeer, maar dat ek eintlik ’n sportagent wil word. Laastens sê ek dankie vir alles wat hy en die span vir Suid-Afrika doen en vir die inspirasie wat hulle vir ons land is. Ek het so oorweldig, maar tog so lewendig, gevoel toe ek met hom gepraat het. Hy was baie gaaf en, as ’n bonus daarby, besonder aantreklik in lewende lywe. Ek is byna doodseker dat ek bloedrooi gebloos daar gestaan het. Sy pel neem toe die foto en weer eens sê ek baie dankie.


Die res van die dag is daar ’n glimlag op my gesig, terwyl ek my lesings deurwerk. Die bestuurder langs my wou toe weer bevestig wie hier in sy koffiewinkel sit, sodat hy aan sy luisteraar aan die ander kant van die oproep kan rapporteer watter bekende man die meisie langs hom nou so gelukkig gemaak het.

Dit is sulke oomblikke wat my weer herinner aan waar my passie lê – my droom om ’n sportagent te word, is steeds aan die uitspeel.


*Voorspoed, Rouxve*! **Red.**

AANLYN-DIENSTE

# Die Lewende Water vloei al verder ...




Erediens



Skriflesing


Met elke kerklike feesdag kan lidmate wêreldwyd by ons aansluit!



Nagmaalviering ...



... ook met Goeie Vrydag




Luister-meditasie

Ook met Advent en in die Kersseisoen!




Advent-viering.



BO: Kerssangdiens via Zoom: op rekenaar: Zaan kyk saam met Freddie & Liza Greeff, André Engelbrecht en Zorada Temmingh; *op tablet*: Jan van Zyl stel die Kerssangkoor voor.

## ... selfs tot in Tsjeggië!

In ’n land waar slegs 15% van die bevolking hulself as gelowig identifiseer (10% Rooms Katolieke en 1% Protestante), is Moedergemeente se aanlyn teenwoordigheid vir my besonder waardevol. Dit was altyd moontlik om die preke op die webblad te luister, maar nou kan mens die atmosfeer, die gebou, die vensters en die lig wat helder en kleurvol daardeur straal, en die hemelse musiek en gemeentesang saam beleef.

In ’n tyd waarin dit onmoontlik was om te reis, en waar alles in die wêreld so onseker was, was (en bly) die dienste ’n simbool van God se getrouheid, standvastigheid, en die gemeenskap van gelowiges.

Toe my pa in Junie op ’n Sondag sterf, en ek sit tienduisend kilometer ver, kon ek ’n kers in my huis opsteek, op dieselfde oomblik dat die Christuskers in die oggenddiens aangesteek word. En in daardie oomblik word my woonstel ’n heilige ruimte.

Ek is diep dankbaar vir almal wat die uitsendings moontlik maak. Dankie dat julle die kerk se deure oopmaak vir almal wat ver is!

*Zaan Bester, lidmaat in Tsjeggië*

En ook op die Bos...



Die Van Zyl-gesin geniet ’n bietjie vars lug buite voor hulle by die rekenaar gaan sit vir kerk.

... is daar TV-kerk!



Die Malan-gesin voor die televisie vir 'n tuis-kerkdiens.
Vlnr: Teresa (10jr) Martjie, Christo met Hugo (4jr), Ockie (8jr) .

# Die Wysheid van die grysheid

**Elmarie van Huyssteen skryf:**

Dit was vmy beskore om die afgelope tyd by die seniorbediening van ons gemeente betrokke te kon wees. Wat ’n voorreg! Die grasie, wysheid en liefde wat ek onderling sien en self ervaar is vir my elke week ’n yslike seën.

Kom ek skets gou hierdie wonderlike deel van ons gemeente.

In die eerste plek wil ek ons dankbaarheid met die gemeente deel dat Covid nie sy merk in ons aftreeoorde gelaat het nie. Die maatreëls wat deur die verskillende besture van ons aftreeoorde ingestel is, was uiters streng en die vrugte daarvan is gepluk. Ons inwoners moes regtig leer om met die gevolglike eensaamheid en gebrek ook aan fisiese kontak, wat vir ons almal so belangrik is, saam te leef. Gelukkig deel ons nou ook in die vreugde van saamwees, al bly ons almal agter ons maskers!

Utopia en Azaleahof val direk binne die bedieningsveld van die Moederkerk, terwyl ons ook so langsamerhand die voorreg gekry het om by Langverwag betrokke te wees.

Azaleahof, onder die bekwame bestuur van ’n bestuurspan, met André van Rooyen as uitvoerende beampte, huisves 74 persone, waarvan die siekeboeg 20 kan akkommodeer. Die versorgingseenheid bied omvattende mediese sorg en lewer ’n wonderlike diens aan Stellenbossers. Dit is in 1976 opgerig, danksy die ywer van wyle mev. Johanna Potgieter.

Ons was bevoorreg om vanjaar mev. Annie Geldenhuys se 100ste verjaardag saam met haar te kon vier! Die volgende 100ste verjaardag is dié van mev. Pieterse, in Desember. Mnr. Fillie Boshoff is die inwoner wat kan spog met die langste verblyf – hy is reeds 34 jaar lank deel van die Azaleahof vriendekring.

Die hoeksteen van Utopia is reeds in November 1958 gelê, en die stelsel van slegs kamers vir dames, met gemeenskaplike badkamers, is geruime tyd reeds verander, sodat daar nou gerieflike klein woonstelletjies is, elk met ’n eie badkamer. Bykomende woonstelle is gebou en die verblyf is nou óók vir egpare en enkellopende mans oop.

In Utopia woon ongeveer 41 van ons seniors, waar hulle reeds die afgelope 15 jaar versorg word onder die eweneens bekwame bestuur van Amanda Grobbelaar. Utopia beskik nie oor ’n versorgingsfasiliteit nie. Die inwoners, met ouderdomme van tussen 70 en 96, woon in onafhanklike woonstelle. Ons oudste inwoner, mev. Anna Lubbe, vier in November haar 96ste verjaarsdag. Ons moes ook onlangs afskeid neem van mev Sybil Scott. wat tot op ’n geseënde 100 jaar met ons was.

In Langverwag woon 52 gelukkige seniors in selfversorgingswoonstelle. Ongelukkig is hier ook nie ’n versorgingsfasiliteit nie, en dus verhuis baie van ons seniors na Azaleahof of Geluksoord as hulle méér hulp as die beskikbare basiese versorging in die woonstelle begin benodig.

Langverwag fungeer met twee stelsels, waar die ouer gedeelte as ’n nie-regeringsorganisasie bedryf word en die nuwe deel sedert 2012 as deeltiteleenhede verkoop word. Die deeltitelwoonstelle kan deur die eienaars bewoon word, of hulle kan ook verhuur word.

Ons oudste inwoner hier is mev. Helene du Toit, saam met wie ons op 27 Oktober haar 101ste verjaarsdag gaan vier. Die inwoner met die langste verblyf is reeds 15 jaar lank deel van Langverwag.

Dis vir my ’n besondere voorreg om as’t ware saam met ons seniors te reis. Ek ervaar hulle onderlinge liefde, asook die liefde waarmee ek telkens ontvang word. Dis boonop vir my baie spesiaal, omdat my eie pa die hoeksteen by Utopia gelê het, waarop hy die volgende vers as seën uitgespreek het: “*Selfs tot in die ouderdom en grysheid, o God, moet U my nie verlaat nie, totdat ek aan die nageslag die mag van u arm bekend gemaak het, aan almal wat kom, u mag*.” Psalm 71:18.

Dis ook mý wens dat hierdie vers gestalte kry by ons inwoners in ons verskillende aftreeoorde.

## STOEPSTORIES

**Eudore Allers skryf:**

## Jong Fanie se noue ontkoming

Fanie se rustige lewe sou daardie dag in 1943 vir altyd verander toe die *Youth Training Brigade* Ventersdorp besoek het. Baie dorpe in Suid-Afrika is besoek om onder die jeug soldate vir Brittanje se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog te werf. Hy en sy boesemvriend, Willem, was nog op skool, matriek, sewentien jaar oud en baie lus vir avontuur.

Maar eers moes hulle matriek voltooi. Toe is dit opleiding deur die Brigade, so tussendeur skoolgaan . Na slegs nege maande opleiding by die Lugmagbasis en voordat hulle die nodige vliegure voltooi het, kry Fanie-hulle op 7 Oktober 1944 elk ’n sertifikaat as *Air Gunner* en vertrek na Italië.



Die gedugte bomwerper, Liberator B24 waarin Fanie tydens Wêreldoorlog II as"*Tail Gunner*" gevlieg het

Op sy heel eerste vlug is die negentienjarige Fanie totaal geskud deur die werklikheid van oorlog, die oorverdowende lawaai van bomontploffings, sirenes en kartetse ontsenu hom erg. Soos baie ander, verkies hy om eerder as *Tail Gunner* te dien — die soldaat wat in die stert van die Liberator sit en log-boek hou. ’n Administratiewe pos, dus. Hy doen dit getrou gedurende die laaste nege maande van die oorlog .

Teenspoed tref hulle op ’n dag toe hulle vliegtuig aangeval word en hulle ’n enjin verloor. Die drie ander enjins en oorblywende brandstof kon hulle nog ure lank in die lug hou, maar met ernstige verlies aan hoogte. ’n Gevaarlike situasie. Maklike teiken.

Omring deur die Alpe, bevind hulle hul toe die nag vasgevang in ’n kom tussen berge waaroor hulle nie kan styg nie, met die brandstof wat al hoe minder word. Tog slaag hulle daarin om die hele nag laag oor die meer aan te karring. By tye voel dit vir Fanie of hy die seevlak kan aanraak. Met die laaste bietjie petrol oor, vind hulle met daglig genadiglik ’n skeur tussen die berge waardeur hulle kon vlieg en bereik hulle basis met die brandstofmeter se naald wat nét bo nul bewe. Almal juig. Hulle is veilig!

Totdat die grootste skok hulle tref.

In die waansin van die aanval, het niemand agtergekom dat ’n tweede bom die vliegtuig deurboor het nie. Die plofkop het van agter, direk onder Fanie, al langs die wand beweeg en, sonder om te ontplof, steeds vasgesit in – wag hiervoor – ’n kis vol ammunisie.

Dit was ’n wonderwerk, erken Fanie.

Sy vriend, Willem, was nie so gelukkig nie. Met sy eerste vlug in sy Liberator is hy afgeskiet. Iets wat die vyf-en-tagtigjarige Fanie steeds in 2010 in trane oorvertel het.

**Redakteur se kommentaar:** Die Here het kennelik daardie dag Fanie se lewe gespaar! Maar Hy sê deur sy profeet (*Jesaja* 2:4) oor die *blye dag waarin daar nie meer oorlog sal wees nie*: “Hulle sal van hulle swaarde ploegskare smee, en van hulle spiese snoeiskêre. Die een nasie sal nie meer die swaard teen teen die ander opneemnie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie.”

TIENERKERK

# Ons tieners leer baie by en uit die Alfakursus!

Een van die eerste dinge wat jou van die Moederkerk-Kruiskerk opval, is dat daar ruimte vir kritiese denke is. Om kerk toe te gaan, vra nie van jou om jou verstand op die kapstok by die kerk se ingang op te hang en eers na afloop van die erediens weer te gaan haal nie. Om Jesus na te volg, is ’n geloofspad wat diep en kritiese nadenke van jou vra. Hierdie manier van doen lei tot ’n fassinerende en alewig verdiepende geloofslewe en navolg-ing van Jesus Christus. En dit is juis met hierdie wyse van dink waarmee ons die tieners by Tienerkerk wil toerus.

Die Alfa-kursus (soms ook “Alpha” geskryf) behels ’n reeks video-begeleide ontmoetings waartydens die beginsels en fundamentele elemente van geloof ondersoek en bespreek word. Geen vraag is taboe of “van die tafel af” nie. Die idee is juis om die moeilikste geloofsvrae aan te pak en saam ’n antwoord daarop te vind of sin daar-van te maak. Die einddoel is om ’n geleentheid vir tieners te skep om deur ’n lewende verhouding met Christus Jesus waarde en betekenis tot hulle lewens toe te voeg.

Ons is tans in week vier van ons nege weke lange kursus met die graad 10’s. Tot dusver het die groep nie geskroom om allerhande moeilike vrae na die tafel te bring nie. Ons het onder andere gevra na die rede hóékom God geskep het. “Hoekom is kwaad en sleg deel van ons bestaan?”; “Het Jesus regtig wonderwerke gedoen?”; en “Waar pas ons wetenskaplike benaderings en beskouinge binne ons geloofslewe in?” Dit is die vrae waarby ons die afgelope paar sessies stilgestaan het.

Ten spyte van al hierdie vrae en die gepaardgaande soeke na antwoorde, het iets my opgeval. In die tieners se soeke om geloof te verstaan, verlang hulle bowenal na ’n verhouding met Jesus. Nog nooit het die Here van ons gevra om op te hou dink sódat ons kan glo nie. En die wonder van kritiese denke en moeilike vrae is dat dit nie ons vyand is nie, maar wel ons beste vriend, wat ons help om Jesus te leer ken. Ek staan in verwondering oor die tieners se aktiewe en kritiese soeke, sowel as hul egtheid in hul verlange om Jesus te ken. Die Alfakursus is ’n merkwaardige stuk gereedskap wat ons gemeente se manier van doen versterk, en ons lei om ’n vertakkende rivier van lewende water te wees.

*Lionel Hutton, Jeugleraar*





**BOEKRESENSIE**

## Medemenslikheid en liefde triomfeer!

Anton Müller: *Ek onthou.* Stellenbosch, *Flyleaf Publishers*, ondersteun deur die LW Hiemstra Trust, 2021.

Byna almal in die dorp ken vir Anton Müller, die vriendelike man met die bril, wat vir 40 jaar in die dorpsbiblioteek gewerk het, waar hy die Deweynommer van haas elke boek op die rakke uit sy hoof geken het en jou dadelik na die regte rak kon verwys as jy hom vra.

En haas almal het een van sy gesinslede geken: sy pa, wyle professor Bethel, sy ma, die sagte Helen, ook reeds lank gelede ontslape, of een of meer van sy drie broers, Pieter, Cornelius en Richard. Hierdie drie het juis die voorwoord van Anton se boek geskryf.




Anton was ’n buitengewone seun en is ’n buitengewone man. Hy is naamlik *neuro-divers* (sogenaamd “outisties”), wat beteken dat hy die wêreld, en veral sosiale omgang met ander, op ’n uitsonderlike, anderse wyse as die deursneekind of -volwassene ervaar. Hy het ’n fenomenale syfervermoë, en kan ritse datums van gebeure in sy eie en ander se lewens sonder aarseling opnoem. Selfs die besonderhede van elke predikant in elke *NG Kerkjaarboek* kan hy noukeurig uiteensit. Maar ook veel meer …

Hierdie ongekunstelde en eerlike relaas oor sy eie lewensverloop bekoor op ’n aangrypende wyse. Dit is die eerste en enigste boek wat ek in die afgelope 75 jaar, sedert ek leer lees het, onmiddellik weer van voor af begin herlees het toe ek by die laaste bladsy kom.

Seker die aangrypendste, dwarsdeur die boek, is Anton se waardering vir die liefde en omgee wat hy van ander ervaar het. Nie net sy gesinslede nie, maar ook skoolmaats, onderwysers, bure, neefs en niggies, tantes en ooms en al sy broers se vriende: almal het hom as uitsonderlik aanvaar en gewaardeer vir wie hy is. Verskeie van hierdie mense het bydraes en toeligting tot die boek gevoeg. Hierdie insetsels lig Anton se eie vertellings toe. Dit is juis sy broer Cornelius (in wie se huis hy na sy aftrede in ’n woonstel bly), wat die boek met behulp van Bun Booyens, ’n skoolmaat van Anton, geredigeer het en gesorg het vir die publiseer daarvan.

Anton besig ’n besonder formele, byna outydse, Afrikaans. Hy verwoord sy herinneringe – die vroegste dateer uit 1962 – in ’n unieke skryfstyl wat telkens herinner aan frases uit die 1953 (of selfs die 1933) -weergawe van die Afrikaanse Bybel. ’n Mens leer hom ken as iemand wat met vaste patrone en roetine in sy lewe gedy.

Die boek is ruim geïllustreer met swart-en-wit gesinsfoto’s. Toeligting oor die wese van outisme word kortliks deur Cornelius Müller verskaf. Maar meer nog, Anton en sy broers se vertelling oor die geduld waarmee “Ma-Helen” hom met skoolwerk gehelp het, gee ’n blik op wat liefde en begrip kan vermag.

Die boek is ’n inspirasie vir ander ouers van kinders op die *neuro-diverse* spektrum, en ook vir mense wat dieselfde denkpatrone openbaar.

*JMC*




## Sondag 12 September 2021

***Jan van Zyl en Anriëtte Hugo vertel:***

Ai, hoe het ons nie in die afgelope aantal maande daarna gesmag om weer as families om tafels te kuier nie ! Die Familiediens in die Hofmeyrsaal op 12 September was net die regte medisyne vir hierdie pandemie wat ons vir so lank uitmekaar gehou het. As afsluiting van ons reeks uit *Efesiërs* het klem op die "Wapenrusting" 'n heerlike wyse gebied om gesinne om tafels te laat saampraat, saamluister en saamdoen. Die kern van die boodskap was baie toepaslik vir 'n gesonde gesinslewe:

- *Efesiërs* 6:10-20 wil ons nie oproep tot geestelike oorlogvoering waar ons agter elke bos 'n duiwel wil uitskop nie.
- Die Efesiërbrief kom herinner ons wat ons identiteit in Christus is. Deur die Verlossing in Christus te ontvang en daarmee saam al die beloftes uit God se Woord, word ons toegerus om die kwaad met die goeie te gaan oorwin.
- Dit is God se wapenrusting wat ons hiermee help – ons word opgeroep om dit aan te trek.
- In plaas van jou vol bravade teenoor ander te laat geld, is hierdie dalk eerder 'n oproep om jou broosheid te erken, en daarmee saam, jou identiteit in Christus op te neem en agter Hom te gaan staan, geklee in God se wapenrusting.

### Wapenrustingspeletjie

Die wapenrusting wat ons aantrek, is eintlik die aantrek van 'n spesiale gesindheid teenoor mekaar. Met die dobbelsteen-speletjie, bo in die tweede kolom (wat ons ook by die Familiediens gespeel het) nooi ons gesinne om om 'n tafel te sit. Elkeen kry 'n kans om die dobbelsteen te gooi. Op die nommer waarop die steen wys, kry jy kans om dié sin te voltooi wat oor die betrokke stuk wapenrusting gaan. Doen 'n paar rondtes van die speletjie.

**WAPENRUSTING GOOI & GESELS SPELETJIE**



1. **Gordel**– Ek voel... / hoe voel jy....
2. **Borsharnas -** Ek is jammer oor... /ek vergewe jou...
3. **Skoene** –Ek wil graag... / kom ons...
4. **Skild** – Bid vir my... / Kom ons bid vir...
5. **Helm** – My sterkpunt is... / ek waardeer jou want...
6. **Swaard -** 'n Bybelverhaal / teks om aan vas te hou is...

### Familiewapen

In die volgende familieaktiwiteit word die gesin genooi om saam te gesels oor ses aspekte van hulle gesinslewe wat hulle sal help om in hierdie wêreld met al sy uitdagings weerbaar te wees. Hulle gesels saam hieroor en teken/skryf iets in die ses blokkies van die "Familiewapen", wat iets simboliseer van *watter sort gesin* hulle wil wees. Sien Bladsy 16, waar julle tuis 'n eie wapen kan ontwerp.


**FAMILIEWAPEN**

**(1) 'n simbool wat julle beskryf**
**(2) 'n woord waarop julle staan**
**(3) 'n metafoor van Wie julle in glo**
**(4) die plek waarheen julle graag gaan**
**(5) wat julle graag saam doen**
**(6) hoe julle die lewe vier.**




**Skryf julle van / name onderaan.**

# Kinderkaskenades





Verder nog dit:
Soek julle krag in die Here en in sy groot mag.

Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.

**Efesiërs 6: 10-11**

## Hallo maats!

Vra vir Mamma of Pappa om vir jou hierdie bladsy uit te druk.

Kyk dan onderaan bladsy 15 en teken op tannie Anriëtte se "familiewapen" hierbo die ses dinge wat daar gelys is. Maar pas dit op julle gesin toe.

Teken dan hiernaas jouself in die wapenrusting wat tannie Marianca gestuur het. So: Teken jou gesig wat uitloer onder die Helm van **Verlossing**; dan, jou arm en hand met die Swaard van die **Gees**. Jou linkerarm moet uitsteek agter die Borswapen van **Geregtigheid** om die Skild van **Geloof** te kan vashou. Teken jou maag en onderlyf agter die Gordel van **Waarheid** – en dan maar kort beentjies na jou voete toe, die voete wat wegkruip in die stewels van **Bereidheid** om van Jesus te vertel!

En dan teken jy 'n gordel op die kind regs bo en skryf dan al hierdie name weer op sy wapentuig, en kleur al die prentjies in.

Geniet dit!

Beste groete,

Chippie

